




## In hierdie uitgawe

- ◆ Agtergrond
- ◆ Lizette Rabe aan die woord
- ◆ Meagan Rees (2004) visits America
- ◆ Jennifer Marostica (2000) from Jerusalem
- ◆ Chrissie Steenkamp (1999) besig met doktorsale studie in York
- ◆ Martina Smit (2002) se getuigskrif uit Londen
- ◆ Nuus uit Crozierstraat 26
- ◆ Datums vir 2005
- ◆ Stellenbosch Media Forum (SMF)



Die voorblad van Janus 1995

## Janus herleef

Die keuse van die naam *Janus* het sy oorsprong uit die klas van 1995 wat 'n ambisieuse Uitgawe 1 die lig laat sien het. Met die gebruik van die embleem wil ons ook graag agtertoe en vorentoe kyk.

Jeanne Venter, redakteur van die 1995 uitgawe, skryf:

### *Welcome to Hotel California*

The little building on Crozier Street is something like Hotel California: "You can check out anytime you want – but you can never leave. Of course there are times you want to flee the madhouse; yet something keeps on drawing you back."

Hierdie eerste uitgawe van 1995 het 'n volledige klaslys van 1978-1994 ingesluit met 'n "career history" van elke lid van elke klas wat opgespoor kon word. Dit is dan ook die doel van my deeltydse pos as alumni-koördineerder om kontak tussen alumni, alumni onderling en die departement te bewerkstellig. Met die wonderlike tegnologie van e-posse is dit moontlik, maar dit sal natuurlik afhang van die terugvoering wat van julle ontvang word. Verder is ek besig om 'n volledige alumni-databasis op te stel en gebruik die lêers van mev. Rousseau en die vorms wat ek aan julle gestuur het – waar ek niks het nie, maak ek op my geheue staat (wat natuurlik ook groot leemtes het). Vul asseblief ook hierdie Janus-vorms in.

Sommige jaargroepe se verspreidingslys is ten volle op datum, maar van ander sukkel ek om inligting te kry. Ek gaan saam met hierdie nuusbrief vir elke jaargroep 'n verspreidingslys in Word-formaat stuur.

Dit was duidelik in my pogings om reünies vir 1984 en 1994 te reël dat dit moontlik nie die regte formaat is nie. Verder in die nuusbrief sal datums

(volledige besonderhede sal later beskikbaar wees) gegee word van spesiale geleenthede/seminare van die departement in 2005. Julle sal genooi word, en hopelik kry ons 'n aantal alumni van elke jaargroep bymekaar. Die idee is dan ook om van julle as gassprekers gedurende die jaar uit te nooi.

Ek is regtig opgewonde om hierdie bande weer bymekaar te trek en hoop werklik dat julle sal reageer.

Mag julle 'n aangename vakansie geniet **nadat** julle vir my terugvoering gegee het.

Vriendelike groete

### Ecquid Novi

Met die kontrakaanstelling van Emeritus Professor Arrie de Beer sedert 2003 aan ons departement, word hierdie gesaghebbende tydskrif onder die vaandel van die departement behartig. Die *Ecquid Novi* verskyn twee keer per jaar. As jy belangstel om daarop in te teken, stuur 'n epos aan [asdebeer@sun.ac.za](mailto:asdebeer@sun.ac.za).

# Man-hunting in Belfast, and other intellectual pursuits

CHRISSIE STEENKAMP

“Are you married?” I laugh nervously. “No.” His arm with the Union Jack tattoo waves reassuringly. “Don’t worry, we’ll find you a lad here in Belfast.” “No, thank you... and I’m not worried”, I want to add, but check myself. I am surrounded by ex-prisoners of a Northern Irish loyalist (Protestant) paramilitary organisation, some of whom have spent decades in prison for racketeering, terrorism, drug-trafficking and, well, murder. The regional commander of the organisation, a young body-builder with shaven head, tattoos and gold earring, has just left. The walls are covered in photos of masked gunmen posing next to the Ulster flag, or in action with handguns, prowling the dark streets. The atmosphere chokes with testosterone and machismo. My fieldwork in the working-class, loyalist areas of Belfast has taught me that, clearly, *now* is not the time to comment on the husband potential of loyalist paramilitaries. So, I do all that a girl can do in situations like these: bat your eyelids, and smile.

My doctoral research on the political implications of violence after peace accords, has given me an excuse to get back into the ‘real’ world and return for prolonged periods to the two places in the world I call ‘home’: Belfast, Northern Ireland and



Cape Town, South Africa. In both cases, (Belfast’s loyalist communities and the Cape Flats’ coloured communities), I examine the relationship between the paramilitaries and gangs and their respective communities.

My office at the university, overlooking the medieval walled city of York in England, might be a far cry from the career as a war correspondent I envisaged when I studied Journalism in 1999. But, I like to think there is one thing that makes for a good journalist and a good researcher alike: an insatiable desire to make sense of the world. And, if you are *very* lucky, you might even find a husband along the way.

*Chrissie Steenkamp slaag die HonsBJoerna (cum laude) in 1999. Daarna doen sy ’n MPhil (Politieke Wetenskap) aan die US, kry ’n Commonwealth Beurs vir verdere studie in Belfast. Sy is tans besig met haar doktorsale studie aan die Universiteit van York. Haar kontak besonderhede is csteenk@yahoo.com*

## Joernalistiek-opleiding in die kol

Ek werk nou al so vier maande lank hier by Newsquest in Londen, nogal in dieselfde gebou as Pierre du Bois (2001). My



pos behels die bestuur van ’n webportaal ([www.thisislocallondon.co.uk](http://www.thisislocallondon.co.uk)) wat 28 plaaslike koerante in Londen huisves. Ek is redakteur, nuusredakteur, joernalis en fotograaf en waardeer nou eers werklik die wye fondament wat ons kursus gelê het.

Die nadeel is dat ek nie kan spesialiseer en my ingrawe met kontakte in een veld nie (in teenstelling met my vorige pos as misdaad-verslaggewer by *Beeld*). Les vir die studente: Maak die beste van elke vak en elke opdrag – mens weet nooit wanneer jy dit gaan nodig hê nie!



Veral Fotojoernalistiek by Johann het my al meermale gered. Ek moes nou die dag die parade van die Britse Olimpiese kampioene deur Londen se strate afneem. ’n Totale mediasirkus en werklik ’n uitdaging om die oomblik vas te vang op ’n manier wat 150 ander pro’s nie raaksien nie. Maar Johann se raad het gehelp en ek kon ’n hele paar goeie foto’s huis toe neem.

Nou ja, genoeg vir eers. Ek wil basies net dankie sê vir die belegging wat jy, Herman, Tobie en elke ander dosent in ons maak – dit dra vrug, jare ná die tyd.

# Só lyk Crozierstraat 26 in 2004

Die groen dak is met 'n rooi dak vervang. Die leeskamer het 'n trapkamer geword – 'n pragtige trap verbind die bekende bestaande lokale met 'n solder wat ingeruim is as 'n nuuskamer, 'n tutoriale ruimte en 'n kantoor vir die senior lektor, dr Herman Wasserman (1994). Dit in die een helfte – die ander gedeelte van die dakruimte sal later ontwikkel word sodra daar fondse beskikbaar is.

Vir diegene wat die draagbare Olivetti's en Olympias onthou: dié “nuuskantoor” is nou ergonomies ingeruim met Dell-rekenaars en ordentlike verstelbare tiksterstoel.



## MPhil en DPhil in Joernalistiek

Alle alumni wat die HonsBJoern of die BPhil (Joernalistiek) – die naam van die honneurs in joernalistiek sedert 2000 – kwalifiseer om die eenjarige MPhil te doen. Die kursus bestaan uit 'n spesialismodules waarvan jy een kies – Mediabestuur, Media-etiek, Media, Kultuur en Inligting of Wetenskap- en Tegnologie-joernalistiek.

Dit behels 'n aantal stimulerende opdragte en 'n 25%-werkstuk van ongeveer 15 000 woorde. As verryking moet een elektief gedoen word: óf Media en Samelewing óf Geskiedenis vir Joernaliste. Vir die alumni wat reeds 'n MPhil voltooi het, is die volgende uitdaging 'n DPhil.

Vir meer besonderhede kontak [labe@sun.ac.za](mailto:labe@sun.ac.za). Vir inligting oor die kursusraamwerk besoek die webbladsy van die departement by [www.sun.ac.za/journalism](http://www.sun.ac.za/journalism).

## Stellenbosch Media Forum

Dié tweede uitgawe van die *Stellenbosch Media Forum* (SMF) is vanjaar 'n volledige produk van die BPhil-klas. Hulle het al die artikels rondom die tema *Moving the Media – 10 years Democracy* geskryf, geredigeer, uitgelê en die logistiek rondom die druk en verspreiding daarvan behartig. Om een van hierdie eksemplare te bekom stuur 'n e-pos aan [crozier@sun.ac.za](mailto:crozier@sun.ac.za).

Daar was vier uitgawes van die voorloper van die SMF nl. die *Stellenbosch Joernalistieke Insig* (SJI) wat vanaf 1995-1998 verskyn het. Met die viering van die 25ste bestaansjaar van die departement verlede jaar het die eerste SMF verskyn.

# Message from the Middle East

JENNIFER MAROSTICA

**Covering the Middle East conflict has been a dream come true**

From the quiet, cosy and safe surroundings of Stellenbosch campus to the uncertain and ever-changing scenes of the West Bank, Jerusalem and Gaza, it's been a real learning experience.

Despite always having dreamt of working here, nothing could have prepared me for the adventures I have encountered.

Being a television journalist for Reuters definitely has its advantages. Reuters covers all the news throughout the world and we pride ourselves on being the first to break the story.

But often while trying to achieve the best possible result, you get lost in the drama along the way – forgetting to stop and savour the moment.

Writing this article is perhaps one way that I can savour some special memories of my work together with you.

Having worked for Reuters in London for the past 2 ½ years, I was growing accustomed to the high life – 24 hour shopping, theatres, musicals and so much more.

When I was sent to the Middle East on assignment, I quickly had to get used to a totally different way of life.

In my line of work communication is everything and not understanding a country's native language is a real problem. Needless to say I quickly had to start learning both Arabic and Hebrew. Though not fluent yet, the daily successes of communicating with a taxi driver or ordering a meal in a restaurant are reward enough.

In this region, life is news and news is life. Not a day goes by without an attack by militants or raids by the Israeli army.

The culture of revenge and retaliation ensures that there is never enough peace – never enough quiet.



**In this region, life is news and news is life. Not a day goes by without an attack by militants ...**

Together with lack of peace comes an overload of security.

Israel is riddled with soldiers patrolling the streets and manning checkpoints.

Carrying your passport and press card around with you becomes second nature in a country where proving your identity could mean the difference between safely passing through a checkpoint or ending up in a prison cell.

Despite being overly-paranoid at first to live in Jerusalem – where suicide bombings have claimed almost 1000 lives in the past four years – I eventually realised that being cautious becomes a way of life here.

One avoids busy marketplaces, cafeterias, crowded restaurants and under no circumstances would one ever take a bus.

But worrying about my social life has been the last thing on my mind lately. The last few months have proved very busy at work with talks of an Israeli withdrawal from Gaza, visits from U.S. Secretary of State Colin Powell, British Foreign Secretary Jack Straw and perhaps

most significantly the death of Palestinian President Yasser Arafat.

For me personally, Arafat's death was an amazing story to cover.

The event saw me confined to the West Bank city of Ramallah for 16 days, camped outside the walls of Arafat's compound, the Muqata.

The day of his funeral is a day that I will never forget – thousands of mourners gathered at the compound, firing off rounds of ammunition and chanting in Arafat's honour.

Journalists live off news and unfortunately bad news is what sells. And in this region, good news is hard to come by.

*Jennifer was in die klas van 2000.. Haar e-pos adres is [jennifer.marostica@reuters.com](mailto:jennifer.marostica@reuters.com)*

# The remarkable life of 26 Crozier

## Geagte alumni/Dear alumni

Dis weer Desember. En weer weerklank die stilte in Crozierstraat 26 ná 'n jaar se gedruis van beginner-joernaliste wat mekaar (en ons dosente) opdreun in hul ywer om die volgende Tim du Plessis, Irna van Zyl of Sandile Mchunu te word.

So, it's the end of another cycle in the remarkable life of old Crozier Street – 26 full years, to be exact. And still, the old loquat tree is keeping watch in the back garden – where the braai's and all the other regular (and irregular) get-togethers still happen.

Ons departement se vooraansig lyk nog dieselfde. Goed, die “groendakkies” is vervang om ter wille van estetika aan te sluit by die omliggende maroen dakke, maar selfs Piet Cillié se roos groei en bloei voort. Letterlik en figuurlik egter, het die departement in die meer as 'n kwarteeu letterlik uit sy vel gegroei. Met die nuwe MPhil-program wat sedert 1998 aan die US ingestel is, het ons studentegetalle dramaties gegroei. (Jy nie ook lus vir so 'n brein-skerpmaker nie? – sien <http://academic.sun.ac.za/journalism/programme.html#mphil> vir meer besonderhede.)

However, we still believe in the maxim of 1978: quality, not quantity. That is why we do not accept more than 25 students in our BPhil (the new name for the honours programme). All to ensure we instill the basic conceptual and practical skills a beginner-journalist needs in this multi-media world of ours.

Ons stel geensins belang om 'n groot joernalistiekdepartement in terme van getalle te wees nie. “Groot” geld slegs vir gehalte – en daaraan



hoop ons om jaar na jaar te voldoen. Die “produkte” wat nou pas weer hul internskappe begin het, bewys dit hopelik weer eens – en vestig ons naam van “klein maar getryn” verder.

Especially in a world that is flooded under an information tsunami, we need more journalists who can make sense out of the non-sense that surrounds us. And that is the difference that our department at 26 Crozier wants to make, in all respects and in the whole variety of journalism beats that are needed in our country, our continent and everywhere else where you find yourselves.

Dus, in die merkwaardige lewe van dié ou geboutjie waar ons ons eerste joernalistieke treë gegee het, het nog 'n jaar afgeloop. Ons wens julle voorspoed en tevredenheid vir 2005 – and be sure to include a visit to 26 Crozier whenever you find yourself on this side of the “wyngordyn”. En, indien julle nie persoonlik kontak kom opneem nie, ondersteun ons alumni-poging sodat ons daardie band kan versterk.

Please send Mrs Amoraal your contact detail – we would really like to open up a two-way communication between 26 Crozier and our alumni.

*Plane et probe-wishes*

Lizette Rabe  
(class of 1978, and head of the department since 2001)

## Datums vir 2005

### Do 17 en Vry 18 Maart

Wetenskapjoernalistiek geborg deur SAASTA by Stellenbosch Lodge

### Di 3 Mei

Wêreldpersvryheidsdag – 'n besprekingsforum om 19:00 in die Auditorium van JS Gericke-biblioteek met 'n onthaal daarna

### Di 16 Augustus

Mediadag – paneelbespreking

### 29 en 30 Oktober

Croziernaweek vir moontlike reünies

## Janus in Myth

Janus was the god of gates in Roman mythology. And in his role as the *numen* of gates and doors, Janus was also thought to represent beginnings. The explanation for this belief comes from the idea that one must emerge through a gate or door before entering a new place.

As the god of beginnings, Janus also lent his name to the first month of the year. This month was referred to by the ancient Romans as Ianuaries – you can see how similar this word is to our own version (which is, of course, January).

The god Janus has a distinctive appearance in art, as he is often depicted with two faces. Some sources claim that the reason Janus was represented in this peculiar fashion was due to the notion that doors and gates look in two directions. In this way, one of the god's faces could look forward, while the other looked backward.

<http://www.loggia.com/myth/janus.html> Copyright 1996-2004 Loggia.com

# B(Phil) Journos Experience the Big Apple and More

## MEAGAN REES

Secret Service agents, the NYPD, security checks, political gatherings and protest marches. The traditionally pro-Democrat New York City came alive with Republican fever towards the end of August.

Thousands of Republican supporters and delegates flocked to the city that never sleeps for the party's most prestigious and widely covered pre-election event: the Republican National Convention.

And Karen Breytenbach and I were fortunate enough to experience it all from 22 August to 3 September. We formed part of a ten student contingent from Botswana and South Africa which was selected by the Washington Center (a non politically aligned organization which deals with internships and academic seminars) based on motivational letters and CVs. The Center and the American State Department also covered all travel costs including spending money.

We spent an exciting 13 days at Pace University (just off Brooklyn



Karen Breytenbach (left) and Meagan Rees (right) with a young Republican supporter at Madison Square Garden. The symbol of the Republican Party is the elephant.

Bridge on the Manhattan side of NY) where we interacted with American students attending the Convention.

The Washington Center organized a host of guest lecturers who covered everything from the historical backgrounds of the Democratic and Republican parties to predictions for the November elections, America's fight against terror, and anti-abortion rhetoric.

We were on the floor of Madison Square Gardens for the Republican Youth Convention; we watched

Laura Bush and daughters Jenna and Barbara give speeches at the National Republican Women's Convention; we attended a speech by George Bush Senior; and we painted the town red at a Latino party thrown by New York Governor Pataki.

And of course there was Staten Island, the Statue of Liberty, Broadway, Times Square, Ground Zero, the Empire State Building, the UN headquarters, Central Park, Fashion Avenue and all nine floors of Macys!

We learnt and saw an extraordinary amount in such a short time. We crammed in as much New York culture as possible including cab rides, subways, and bagels smothered with Philadelphia cream cheese and coffee.

And hopefully we left a bit of South Africa behind us. At least we were able to put one student straight. "So you're from South Africa," she said. "Well I know someone in New Zealand. I know they not really the same place, but they both really exotic".

## PERSONLIK

Om al die prestasies van die uitverkore joernalistiekstudente van 27 jaar te noem, sal 'n oneindige lang lys wees. Die doel met hierdie kolom is om onlangse gebeure en prestasies te noteer en om ook op hierdie wyse kontak tussen alumni te bevorder. Stuur asseblief jou suksesses, wel en wee aan [crozier@sun.ac.za](mailto:crozier@sun.ac.za).

**Dr Trengove**, die gerespekteerde "gentleman" wat vir 25 jaar so 'n waardigheid aan die gebruik van Engels aan die departement verleen het, het besluit om uit te tree. Op 83 is hy steeds fenomenaal. Hy kan bereik word by Rozendallaan 12, Stellenbosch 7600 of [wtrengove@atlantic.net](mailto:wtrengove@atlantic.net)

**Gawie Botma** (1987) kunsredakteur van *Die Burger*, is die nuwe Rykie van Reenen-genoot en word vir een jaar aan die departement gesekondeer. Hy volg in die voetspore van Bun Booyens, Johan Retief en Tobie Wiese.

**Tobie Wiese**, ná drie jaar as die Rykie van Reenen-genoot, gaan 'n nuwe mentorprogram by Media24 loads.

Baie geluk aan **Theuns Laubscher** (1991) en **Nicola Davies-Laubscher** (1999) met die geboorte van hul dogtertjie, Helena Wendy.

**Pierre du Bois** (2001) het in sy drie jaar by Newsquest in Londen, reeds drie bevorderings gehad

– hy is nou *Features Editor* van die *Watford Observer*.

**Kevin Scott** (2001) na drie jaar by die Channel A, Kanadese TV is nou by die Kanadese Uitsaaikorporasie (CBC) aangestel as mede-aanbieder van *Newsworld*.

Die nuwe sekretaresse van die departement is **Bevely Februarie**, haar e-posadres is [bevfeb@sun.ac.za](mailto:bevfeb@sun.ac.za).

**Tanja Bosch** van *Bush Radio*, wat haar doktoraat aan die Universiteit van Ohio verwerf het, is 'n post-doktorale genoot aan die departement gedurende 2005.

**Govin Reddy** is as buitengewone professor aan die departement aangestel.